



Verwysing: 20171206-7699
13/7/1/2
Navrae: M Combrink

Omsendbrief: 0003/2018
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Hoofde van inrigtings wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Kort opsomming: *Die verdeling van die graad 10- tot 12-eksamenvraestelle vir Rekeningkunde en Besigheidstudies van een vraestel na twee vraestelle.*

Onderwerp: Verdeling van die graad 10- tot 12-eksamenvraestelle vir Rekeningkunde en Besigheidstudies van een vraestel na twee vraestelle

1. Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Rekeningkunde en Besigheidstudies bepaal dat die eksamens vir hierdie vakke uit EEN 3-uur vraestel van 300 punte moet bestaan.
2. Die Raad van Onderwysministers het die verdeling van die huidige vraestelle vir Rekeningkunde en Besigheidstudie goedgekeur en die vraestelle sal nou uit TWEE 2-uur vraestelle van 150 punte elk bestaan.
3. Die KABV vir Rekeningkunde bepaal dat Bestuur van Hulpbronne tydens die onderrig en assessering van die ander twee hoofonderwerpe geïntegreer moet word. Hierdie beginsel sal gehandhaaf word. Leerders sal ook 'n formuleblad ontvang.
4. Die nuwe struktuur en formuleblaaie van die vraestel vir Rekeningkunde is hierby aangeheg as **Bylae A**.
5. Die nuwe struktuur en formaat van elke vraestel vir Besigheidstudies is hierby aangeheg as **Bylae B**.

6. Die datums vir inwerkingstelling is soos volg:
 - (a) 2018: Grade 10;
 - (b) 2019: Grade 11; en
 - (c) 2020: Grade 12.

7. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke onderwysers te bring.

GETEKEN: BK SCHREUDER

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2018-01-23



REKENINGKUNDE

1. RAAMWERK VAN VRAESTEL

GEWIG VAN KURRIKULUM	EKSAMEN-VRAESTELLE	ONDERWERPE	
<p>Dissipline 1: Gewig 50%</p> <p>Optekening, verslagdoening en evaluering van Finansiële Inligting en Korporatiewe Bestuur</p>	<p>VRAESTEL 1</p>	1.	Rekeningkundige-konsepte, AARP en IFRS
		2.	Boekhouding (insluitende salarisse en lone) en proefbalans
		3.	Rekeningkundige vergelyking
		4.	Aansuiweringe, finale rekeninge en proefbalans
		5.	Finansiële state (insluitende notas, bv. vaste bates- en voorraadnotas; en onafhanklike ouditeursverslag)
		6.	Finansiële aanwysers vir verslagdoeningsdoeleindes en interpretasie
		7.	Korporatiewe bestuur, etiek en professionele liggame/instansies
<p>Dissipline 2: Gewig 50%</p> <p>Vervaardiging, Vooruitskatting en Interne Oudit en Beheer</p>	<p>VRAESTEL 2</p>	1.	Rekonsiliasies (insluitende debiteure-ouderdomsontleding)
		2.	Belasting op toegevoegde waarde
		3.	Voorraadwaardasie
		4.	Produksie- en kosterekeningkunde
		5.	Begroting en Geprojekteerde Inkomstestaat
		6.	Finansiële aanwysers vir interne beheerdoeleindes
		7.	Interne beheer en interne oudit (kontant, vaste bates, voorraad, debiteure, krediteure, inkomste en uitgawes, insluitende salarisse en lone)
		8.	Etiek

2. FORMULEBLAAIE

2.1 GRAAD 10

$\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Netto Wins}}{\text{Eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	Totale Bates : Totale Laste	

2.2 GRAAD 11

$\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale verdienste van vennoot}}{\text{Vennoot se gemiddelde belang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto Wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde Debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde Krediteure}}{\text{Krediet aankope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde Voorraad}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Koste van Verkope}}{\text{Gemiddelde Voorraad}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	
Nie-bedryfslaste: Eienaarsbelang	Totale Bates: Totale Laste	

2.3 GRAAD 12

$\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Netto Wins na Belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto Wins voor Belasting} + \text{Rente-uitgawe}}{\text{Gemiddelde kapitaal aangewend}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde Debiteure}}{\text{of 12}} \times \frac{365}{1}$ Kredietverkope	$\frac{\text{Gemiddelde Krediteure}}{\text{Krediet aankope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Koste van Verkope}}{\text{Gemiddelde Voorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde Voorraad}}{\text{of 12}} \times \frac{365}{1}$ Koste van Verkope	$\frac{\text{Sluitingsvoorraad}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	Bedryfsbates – Bedryfslaste
Nie-bedryfslaste : Aandeelhoudersbelang	Totale Bates : Totale Laste	$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdiens te per aandeel}}$
$\frac{\text{Wins na Belasting}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}}$	$\frac{\text{Gewone dividend per aandeel}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}}$	
$\frac{\text{Vaste Koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid} - \text{Veranderlike koste}} \text{ per eenheid}$	$\frac{\text{Totale gewone aandeelhoudersbelang}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}}$	



BESIGHEIDSTUDIES

1. STRUKTUUR VAN DIE VRAESTEL

VRAESTEL	INHOUD	TYD	TOTALE PUNTE
Vraestel 1	Besigheidsomgewings en Besigheidsbedrywighede	2 uur	150
Vraestel 2	Besigheidsgeleenthede en Besigheidsrolle	2 uur	150

2. UITLEG VAN ELKE VRAESTEL

AFDELING	VRAESTEL 1	VRAESTEL 2	PUNTE VOLGENS VRAESTEL	TYD VOLGENS VRAESTEL	KOGNITIEWE VLAKKE
A	Verplichtend (Dek BEIDE hoofonderwerpe) (15 x 2) Verskillende tipes kortvrae wat verskeie assesseringsstyle gebruik en die twee hoofonderwerpe in elke vraestel dek, bv. Meervoudigekeuse vrae, pas die kolomme by mekaar, kies die korrekte woord, voltooi die stellings, ens.		30	20 min	Meestal Vlak 1 (Onthou/Herroep) en Vlak 2 (Begrip)
B	Kies enige TWEE vrae (40 x 2) DRIE vrae sal gevra word. Een vraag elk van die twee hoofonderwerpe. Die derde vraag sal bestaan uit vrae van beide hoofonderwerpe met gelyke punte toekenning. Toepaslike aksie werkwoorde in hierdie afdeling is byvoorbeeld, verduidelik, bespreek, motiveer, vergelyk, evalueer, onderskei, evalueer krities, regverdig, stel voor, beveel aan, ens. Gevallestudies (scenario's) of brongebaseerde vrae moet ingesluit word. Antwoorde moet puntsgewys, in volsinne of in paragraafstyl gegee word, soos elke vraag dit vereis.		80	70 min	Vlakke 1-6 (Onthou/herroep, verstaan, toepassing, analisering, evaluering en skepping)

C	<p>Kies EEN vraag (40 x 1) TWEE vrae sal gevra word, een vraag elk van die twee hoofonderwerpe.</p> <p>'n Langer opsteltipe vraag van laer, middel- en hoër kognitiewe vlakke en moeilikheidsgrade om insig en interpretasie van teoretiese kennis, benewens die inhoud self, te toets.</p>	40	30 min	<p>Meestal Vlakke 3-6 (Toepassing, analisering, evaluering en skepping)</p>
	TOTAAL	150	120 min	